**30 Maart**

**Skrifgedeelte: Deuteronomium 31:30 – 32:4**
**Fokusgedeelte: Deuteronomium 32:43**

## Ek en God. God en ek. God, ek en ander

Telkens op mens se groei na geestelike volwassenheid steek mens weer en weer ’n grens oor – amper soos van een jaarring na ’n volgende.
Soos van om te kom van “ek en God” na “God en ek”. “Ek” wil dinge na my smaak hê, selfs in my omgang met God – eers “ek”, dan “God”. En dit is ’n oeroue menslikheid: Kom ons hou nou ’n goue kalf-partytjie, nou konkreet hier. Ons sien nie kans om te wag tot God eendag klaar met Moses op die berg gepraat het nie (32:16 – 18, 21). En in vandag se taal: Ek wil beheer oor my lewe, my geloof, my kerk hê – God moet maak soos ek wil, nou. Ek wil self die sin vir my lewe skep.
Om oor te gaan na “God en ek” kan net gebeur as ek God in sy versorgende liefde en genade ontmoet (32:10-15a). In Jesus hét Hy my mos uit my sondeslawerny losgekoop, hét Hy my mos erfgenaam gemaak van sy beloofde land, woon sy Gees mos in my as waarborg van sy troue liefde. Dit is veilig om sy wil bo myne te stel. Hy sal my op plekke bring waar dit regtig goed is.
Gee die tree. Gee jou veilig in God se hande.
Om te kom van “God en ek” na “God, ek en ander” is nog ’n grens om oor te steek. Want dit is waarheen God met my op pad is – met God weg van myself na ander toe. Dit is immers sy plan: Om sy verhouding met my te gebruik as praktiese voorbeeld van hoe Hy ook die ander voor sy liefde wil laat kniel en sê: “Jesus Christus is Here!” (vgl. 32:26-27, 43).
Nou bly nog net die vraag: In watter jaarring van groei is ek?

*Sing: Psalm 66:1, 7, 9 (1936) of/en Psalm 66:1-4 (2001)* *Ds. JP Fleischmann (Kaapstad)*